# ANNE MANS

**Datum:** 5 Oktober 2010
**Plek:** Potchefstroom
**Vraagsteller (V):** Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis | Universiteit Stellenbosch
**Antwoordsteller (A):** Anne Mans | Rekenaarondersteuning |SANAE program | 1999

| TYD | | |
|---|---|---|
| 00:00:00 | **V** | Hierdie is 'n mondelingse geskiedenisonderhoud met Anne Mans by Potchefstroom en dit is vandag die 5de Oktober 2010. Nou, die eerste ding wat ek maar altyd vra, veral met die persoonlike onderhoude, is hoe het dit gekom dat jy spesifiek by Antarktika op die SANAE-program betrokke geraak het? |
| 00:00:21 | **A** | Ek het in 1999, Januarie, 'n aanstelling hier aanvaar as rekenaarondersteuning vir die SANAE-program, ja. |
| 00:00:32 | **V** | Is dit toe die eerste keer wat hulle rekenaarondersteuning spesifiek het? |
| 00:00:36 | **A** | Nee, nee, nee. Ek het net toe die aanstelling aanvaar. Ek verneem jy het met Bert Wilson en met Mike Matthews ook gekontak? |
| 00:00:42 | **V** | Nog nie, nee. |
| 00:00:43 | **A** | Ek het eintlik Mike Matthews se pos. Ek het aangegaan in Mike Matthews se pos toe hy weggegaan het by die Universiteit. |
| 00:00:48 | **V** | So wanneer het rekenaarondersteuning begin vir... ? |
| 00:00:52 | **A** | Wel, ek skat met Mike en Bert... Ja,ja. |
| 00:00:55 | **V** | So, vroeë negentigerjare? |
| 00:00:56 | **A** | Ja, hierby. Ja, die vroeë negentigerjare. |
| 00:01:00 | **V** | Vir wie is jy aangestel, wonder ek nou net? Is dit onder Potch of werk jy direk met die Departement Omgewingsake? |
| 00:01:04 | **A** | Nee, ek werk direk vir Professor Harm Moraal. Hy was reeds toe die hoof van die Antarktiese projek op SANAE. |
| 00:01:11 | **V** | Op Potch? |
| 00:01:12 | **A** | Ag, op Potch. So ek is op universiteit aangestel. Ek het ‘n universiteitsaanstelling. |
| 00:01:17 | **V** | Okay, maar hoe werk die interaksie dan nou met die Departement Omgewingsake, want ek aanvaar jou rekenaaronderhoud en rekenaarondersteuning geld vir die hele basis, nie net vir die... |
| 00:01:28 | **A** | Nee, dit doen nie. Dit geld net vir die Noordwes-Universiteit se toerusting. |
| 00:01:34 | **V** | O. |
| 00:01:35 | **A** | En vir hulle projekte. Maar wat gebeur het met die geskiedenis en die bou van die nuwe basis het Mike en Bert daai tyd die kommunikasie saam met Jan Hattingh aan die gang gekry via Hartbeeshoek se aardstasie van Telkom. En daar was nie kundigheid by Telkom nie om daai bediener te diens vir die SANAE-program nie. So Mike en Bert het die opstelling gedoen, so die ondersteuning moes altyd hier van Noordwes-Universiteit gekom het vir SANAE by Hartbeeshoek-aardstasie. |
| 00:02:10 | **V** | O, okay. So dis hoe die wisselwerking gewerk het? |
| 00:02:11 | **A** | Ja, en toe Mike nou weggaan het ek nou daai deel oorgeneem en met ander woorde die bediener, die SANAE-bediener, wat gestaan het by Telkom se aardstasie op Hartbeeshoek was dan nou my |

verantwoordelikheid gewees.

00:02:24 **V** En staan hy nog steeds daar?

00:02:25 **A** Nee, hy staan nie daar nie. Vandat hulle die kommunikasie geskuif het na Kaapstad toe het ek met Henry Valentine ooreengekom sodat Herman Theron van H&O, het toe nou die ondersteuning doen. Die Kaap is net bietjie meer produktief. Hy sit in Hermanus om hulle te help, as wat ek nou elke keer van Potch af moet Kaap toe vlieg om te kom help as daar regtig probleme is.

00:02:49 **V** Maar met die opstelling aanvanklik, het dit toe gegeld vir al die SANAP-basisse? Beide Gough en Marion en SANAE?

00:02:58 **A** Ja, ja, en SANAE, ja.

00:02:58 **V** Nou hoe het dit gekom dat jy geleentheid gekry het om self af te gaan?

00:03:01 **A** Aan die einde van 2000, of in die jaar van 2000, het ons agtergekom dat ons eie projekte vir rekenaars... Al die rekenaars in ons eie projekte het 'n bietjie skade gely deur daai jaar. Ek sal nie sê regtig skade gely nie, maar ons het gevoel daar is ‘n behoefte dat ek afgaan en wel seker maak dat al die rekenaars korrek funksioneer, korrek opgestel is en dat alles reg met mekaar gekoppel is. So vir daai oorname het ek dan nou afgegaan vir Potch se programme op SANAE.

00:03:34 **V** Hoe gereeld word die rekenaars vervang daai kant?

00:03:37 **A** Ons hou dit maar dop. Dis die spanlid se verantwoordelikheid om te sê en wanneer ons dan nou die program vernuwe, dan stuur ons nuwe toerusting af. Maar deurlopend is dit die spanlid se verantwoordelikheid om te sê hierdie rekenaar gee probleme of hy het ‘n hardeskyf nodig of ‘n skerm of wat ook al, of totaal heeltemal ‘n nuwe rekenaar.

00:03:57 **V** En jou werk, is dit nou, vir die rekenaarleke onder ons, insluitend my, het dit te doen met hardeware of sagteware?

00:04:00 **A** Beide.

00:04:03 **V** Beide?

00:04:05 **A** Ja, beide. Ek besluit. Ek beveel aan watter tipe hardeware gekoop moet word, soos wanneer ‘n nuwe projek gedoen moet word, dan doen ek die aankope en ek stel die rekenaars op en dan stuur ons dit af SANAE toe.

00:04:18 **V** En dan is dit nog steeds wat jy doen? Jy doen die ondersteuning vir die Fisikaprogram?

00:04:28 **A** Ja, vir die kosmiese-straleprogram van die universiteit.

00:04:29 **V** Vir die kosmiese-straleprogram van die universiteit. Nou, is jy bly jy het die geleentheid gekry om af te gaan?

00:04:35 **A** Ja, dit was baie lekker gewees. Ek het ‘n tweede keer afgegaan in 2003 en 2004 toe die Departement Omgewingsake gevra het ek moet afgaan en vir hulle die rekenaar. Ag, die netwerkinfrastruktuur op SANAE het ek toe gaan opgradeer. So ek dink dis waar jy nou gedink het ek is onder Departement Omgewingsake.

00:04:56 **V** Hulle het jou half ingekontrakteer.

00:04:58 **A** Hulle het my gekontrakteer vir daai oorname en toe het ek net vir daai oorname gehelp.

00:05:00 **V** So jy was vir twee oornames daar?

| | | |
|---|---|---|
| 00:05:01 | **A** | Ek was vir twee oornames daar. |
| 00:05:02 | | Het daar iets verskil in die karakter van die twee oornames? |
| 00:05:05 | **A** | Dit is maar soos hulle wat gesê het: elke keer 'n groep verskillende mense, maar dis maar baie dieselfde. Dit het baie dieselfde karakter – die reis met die skip, die tyd daar, die jaag om alles in 'n maand klaar te kry en dan weer terug te kom. |
| 00:05:20 | **V** | En die eerste reis – kan jy onthou wie was DCO gewees? |
| 00:05:24 | **A** | Dit was, wat is sy naam? Sammo. Stan Oosthuizen gewees. |
| 00:05:30 | **V** | En die tweede een? |
| 00:05:31 | **A** | Die tweede ene. O jinne, nou vra jy my vas. Ek weet Frans was... Nou kan ek glad nie onthou nie. |
| 00:05:33 | **V** | Adriaan Dreyer dalk? |
| 00:05:35 | **A** | Dit was nie Adriaan nie. Dit was Angela van Niekerk. |
| 00:05:36 | **V** | Angela van Niekerk? |
| 00:05:37 | **A** | Ja. |
| 00:05:43 | **V** | Okay. Die reis af SANAE toe – het die mense hier vir jou vooraf bietjie vertel van wat om te verwag of nie regtig nie? |
| 00:05:49 | **A** | Ja, kyk, omdat ek van 1999 af al hier gewerk het, werk jy mos nou maar saam met die mense wat al daar was. En André Benade was al nege keer Antarktika toe gewees. Hy was een van dié mense wat beplan het aan die nuwe basis. Hy het met die *pilot projects*, hulle het gevlieg oor Antarktika en besluit maar hierdie Nunatak is die beste vir SANAE. So hy het vreeslik baie ondervinding gehad en hy het jou vertel, al die tyd. Hy het vreeslike mooi stories wat hy jou altyd vertel. |
| 00:06:25 | **V** | So, hierso in hierdie hoek van die gebou, maar nou nie soos... |
| 00:06:26 | **A** | In hierdie hoek van die gebou, ja. |
| 00:06:27 | **V** | Is daar redelik gesprekke of staaltjies of so wat vertel word oor Antarktika, sê nou maar oor teetyd en so? |
| 00:06:34 | **A** | Veral in die tyd toe André nog hier was, ja, was dit baie lekker gewees. Hy het altyd iets te vertel gehad en 'n oulike storie gehad, veral oor Kaptein Funk, jy weet... |
| 00:06:45 | **V** | Ja, ja... |
| 00:06:46 | **A** | ...en daai dinge, so dit was baie interessant gewees, ja. |
| 00:06:47 | **V** | Nou toe jy self afgegaan het, het jy gevlieg Kaapstad toe... |
| 00:06:49 | **A** | Dis reg ja... |
| 00:06:50 | **V** | En toe daar op die Agulhas geklim? Was jy al vantevore op so 'n tipe oop seeskip? |
| 00:06:57 | **A** | Nee. Nee, glad nie. |
| 00:07:00 | **V** | Hoe was dit gewees, daai totsiens by die baai? |
| 00:07:02 | **A** | Dit was opwindend, want jy gaan op 'n nuwe "iets" en jy leer iets nuuts, so dit was baie lekker gewees. En natuurlik jy gaan van Potch af saam, met jou Potch-kassies gewees, want ons het nie net 'n spanlid afgestuur daai jaar nie. Jan Wiid het saamgegaan want hy was op daai stadium die radar-ingenieur wat gestasioneer was in Potch. So hy het ook gegaan en dan ons spanlid Leon du Plessis, wat ek neem aan julle ook 'n onderhoud mee gaan voer, het as 'n spanlid afgegaan. So ek het saam met hulle afgevlieg. So, jy weet, jy was deel van 'n groep so daar was nie 'n gevoel van ek is alleen en bang |

| | | |
|---|---|---|
| | | en daai dinge nie. So ons het as ‘n groep afgegaan en hulle was beide al daar voorheen gewees so hulle het geweet wat gebeur. Dit het dit baie makliker gemaak. |
| 00:07:45 | **V** | So hulle het die skip geken en kon vir jou die "monkey deck" wys en so aan. |
| 00:07:46 | **A** | Ja, al daai goed. |
| 00:07:48 | **V** | Het jy toe geressorteer onder die wetenskaplikes? Onder die wetenskaplike groep? |
| 00:07:50 | **A** | Ja, ek was onder die wetenskaplikes gewees. |
| 00:07:57 | **V** | En tydens die rit af – was dit ‘n maklike rit, moeilike een? |
| 00:08:00 | **A** | Dit was ‘n redelike maklike rit. Ek het vir daai rit geen seesiek gehad nie – wat baie lekker was. Jy weet, so af en toe as jy in die eetsaal in afgaan dan voel jy oe, ek voel bietjie *wobbly*, maar dan gaan dit. En dit het verbygegaan en oorgegaan. So dit was eintlik... Die afreis was eintlik baie lekker gewees. |
| 00:08:15 | **V** | Hoe lank was dit omtrent? Kan jy onthou? |
| 00:08:20 | **A** | Ek kan nie onthou nie maar dit was langer want ons was met Kersfees nog steeds op die skip gewees. So tussen Kersfees en Nuwejaar het ons uitgegaan. |
| 00:08:24 | **V** | Wat doen ‘n mens Kersfees op ‘n skip? Het hulle darem vir julle ‘n spesiale ete voorberei of iets? |
| 00:08:30 | **A** | Ja, hulle maak spesiale moeite met die ete. Ek kan nie onthou met daai oorname nie, maar ek onthou met die tweede oorname het ek spesiaal *grand* Kersfeesklere saamgevat en ‘n bottel wyn by die kroeg bestel die vorige dag sodat ons vir Kersfees aan tafel kon eet. En ek onthou die manne se oë het net so groot gerek want hulle het almal maar gewoon in hul T-shirts en hul goeters gaan eet en hier daag ek toe nou op vir my *Christmas dinner,* so dit was toe heel interessant gewees. |
| 00:08:59 | **V** | Was daar ‘n diens of so iets gewees? |
| 00:09:02 | **A** | Ons het gereeld op Sondae dienste en dan, ek kan nie onthou dat daar spesiaal op Kersfees ‘n diens was nie, maar op Sondae is daar gewoonlik ‘n diens. Dan gaan 'n kapelaan saam. En as die kapelaan nie, want kyk partykeer vlieg mense uit en so aan dan is almal nou nie by nie, dan sal een van DOW se manne, Eric – ek weet net nie wat is sy van nie – dan sal hy ‘n diens waarneem en so, so dis heel interessant ja. |
| 00:09:32 | **V** | So dit was seker lekker gewees? |
| 00:09:33 | **A** | Ja, dit was baie lekker. |
| 00:09:35 | **V** | ‘n Bietjie van die aflaaiproses as julle daar kom – in terme van hoe lank vat dit vir jou vandat hulle vasgemeer is, *"so to speak",* om op die basis te kom? Hoe het hulle die vlugte gereël? |
| 00:09:44 | **A** | Dit hang af. In die eerste oorname wat ek gegaan het, het hulle meeste van die aflaaiwerk begin doen en ek weet op daai stadium het hulle nog die hele span heeltemal oorgelaai en die span het met ‘n *Challenger* en ‘n *Caboose* SANAE toe gery. Vir die ondervinding met die GPS en die weer en so aan. En dan ons ander van die wetenskaplike groepe en die DOW instandhoudingsmense, hulle is almal uitgevlieg in groepe. En so aan. |
| 00:10:15 | **V** | En toe julle daar aankom – het julle geweet waar julle *cabins* is, of julle kamers? |

| | | |
|---|---|---|
| 00:10:18 | **A** | Ja. Ag nee, die span wat op die basis was, het ons ontvang en vir ons gewys waar is ons kamers en dit het heel goed verloop. |
| 00:10:25 | **V** | Moes julle kamers deel? |
| 00:10:29 | **A** | Ja, ek het met Carol 'n kamer gedeel. |
| 00:10:31 | **V** | O, met Carol Jacobs? |
| 00:10:32 | **A** | Ja, ons het die kajuit op die skip ook gedeel. |
| 00:10:35 | **V** | O Okay, so jy het 'n tweemankajuit gekry? |
| 00:10:38 | **A** | Ja. |
| 00:10:40 | **V** | Ek aanvaar as 'n meer senior personeellid ook? |
| 00:10:41 | **A** | Wel, vir die eerste oorname, ja, het ek saam met Carol op die blou dek en nie op die rooi dek gebly nie. |
| 00:10:48 | **V** | En met die tweede oorname? |
| 00:10:50 | **A** | Met die tweede oorname het ek ge-*deport* na die rooi dek toe maar toe het ek 'n kajuit alleen gehad. Dit was 'n dubbelkajuit maar ek het hom alleen gehad. So dit was baie lekker gewees. |
| 00:10:57 | **V** | Kan jy onthou omtrent hoeveel mense was op hierdie oorname, die eerste een? |
| 00:11:00 | **A** | Die eerste een was hierso so by 66 rond gewees. Maar ons het ook gaste van Duitsland af saamgeneem. Daar was 3 as ek reg onthou: 3 Duitsers wat van Kaapstad af saam met ons afgegaan het en hulle het die hele oorname saam met ons by SANAE gewees. |
| 00:11:16 | **V** | Was hulle observeerders of... |
| 00:11:17 | **A** | Hulle het hulle eie projekte gehad so hulle het aansoek gedoen. In ons SANAE-program met ons jaarlikse ding so hulle het aansoek gedoen om projekte op ons basis te doen, en so aan. Ek kan nie presies onthou wat was hulle projekte gewees nie. Maar hulle was die hele... En dit het gemaak vir 'n vreeslike gesellige kuier. Hulle was vreeslike lekker kuiermense. |
| 00:11:37 | | O. |
| 00:11:38 | | So ons het altyd vreeslik lekker saam met hulle gekuier, op die skip sowel as by die basis self. |
| 00:11:43 | **V** | Nou waar by die basis kuier jy? Want ek aanvaar die kamers is maar klein. Is daar 'n kuierplek? |
| 00:11:49 | **A** | Daar is 'n groot... ek wil nie sê dis 'n onthaalarea nie... Die kombuis en eetkamer is een groot oop area met klomp tafels waar mens altyd kan sit en kuier oor 'n koppie koffie en 'n koekie en daar is altyd peuselgoeters. En dan net in die gangetjie af is daar soos 'n *lounge* – hulle noem dit die *TV lounge* – waar hulle altyd die *movies* en goed kyk. Daar is groot leersitplekke en allerhande goed, en dan net langs dit is daar tafeltennis en veerpyltjies en sulke goeters en dan net oorkant dit is daar 'n kroeg. So daar is heeltemal voorsiening gemaak vir lekker kuier. En dan op die boonste vlak, in die B-blok, dis daai selfde blok, is daar ook 'n groot sitkamer met 'n biblioteek weerskante van die gang. |
| 00:12:30 | **V** | So dis 'n stiller kuierplek. |
| 00:12:31 | **A** | Dis 'n stiller kuierplek, ja. |
| 00:12:34 | **V** | So mens kry darem tyd vir dit as jy daar is? Vir soms gesels en dis nie net werk, werk, werk nie. |
| 00:12:40 | **A** | Ja. Kyk, mens beplan aan die begin dan sê jou koördineerder: "Ons werk van hierdie ure tot hierdie ure" en dan probeer jy nou maar jou |

| | | |
|---|---|---|
| | | werk inkry. Partykeer gaan jy bietjie oor. Dit hang maar af hoe jy nou sien, jou eie take... Ek meen, jou koördineerder kan nie altyd weet wat is jou take... |
| 00:13:02 | **V** | Of verstaan... |
| 00:13:05 | **A** | Presies. Wat jy noodwendig doen nie. So partykeer werk jy oortyd, partykeer besluit jy nee, nou wil jy bietjie rus. Wat ek wel gevind het, is mens moet, so een keer 'n dag, moet mens uitgaan en vir 'n uur buite rondloop. Dis baie goed. |
| 00:13:19 | **V** | Buite die basis nou? |
| 00:13:20 | **A** | Buite die basis. Jy moenie binnebly nie. Jy moet uitgaan. Dis belangrik om uit te gaan, jy weet, na jou dag se werk. |
| 00:13:27 | **V** | Wat sou jy sê is die eerste effek van Antarktika? Ek wil amper sê op mens se liggaam as jy daar aankom. Wat is die eerste effek daarop? |
| 00:13:30 | **A** | Dis verskriklik koud. Dit is regtig. Jy is dit nie te wagte nie. En dan, die volgende ding is, jy is baie dankbaar jy het daai klere waarmee jy kan toemaak en jy kan warm kry. |
| 00:13:50 | **V** | So moet jy dit alles dan aantrek as jy buite gaan rondloop? |
| | **A** | Ja. Kyk, met my eerste oorname het ek van die skip afgevlieg basis toe so daai wat jy uitgaan op die skip, soos jy afry, gaan jy tog uit en jy kom agter dit raak nou kouer en al daai dinge, maar dan, as jy nou regtig gaan uitvlieg na die basis toe dan trek jy nou vir die eerste keer regtig jou volle warm goeters aan, jy weet, en alles. En dan, as jy nou op die dek uitkom en jy klim op die helikopter, dan besef jy dit is koud. |
| 00:14:20 | **V** | Dis 'n ander wêreld die. |
| 00:14:21 | **A** | Ja, ja. Maar as jy nou binne die helikopter is dan pla dit jou nie meer nie. Dan vlieg jy nou soontoe. |
| 00:14:28 | **V** | Kon mens iets sien uit die helikopter uit? |
| 00:14:29 | **A** | Ja, dis baie, baie mooi. Dis verskriklik mooi daar. Jy sien die yspad al die pad soos wat jy SANAE toe vlieg. Dis regtig baie mooi. |
| 00:14:37 | **V** | En die horison? Ek hoor die horison is besonders ook. |
| 00:14:40 | **A** | Ja, ja, dit is verskriklik mooi. En dit was gelukkig, toe ons uitvlieg, was dit 'n mooi helder dag gewees, so dit was sonskyn gewees, so dit was regtig mooi gewees. Maar dan kom jy nou op die basis, dan wag hulle vir jou in. Hulle het vir ons elkeen dadelik 'n tuisgemaakte mampoer gegee om jou weer warm te maak so dit was baie lekker gewees. |
| 00:15:00 | **V** | So klink my daar is 'n bietjie humor ook in Antarktika? |
| 00:15:05 | **A** | Daar is baie humor, ja. Dis 'n harde wêreld, so mens... |
| 00:15:11 | **V** | Hoe lyk die ou span as mens daar aankom? |
| 00:15:13 | **A** | *Scary*. [lag] En hulle ruik nie baie lekker nie. Maar hulle is gewoond daaraan. Hulle kom dit nie agter nie. |
| 00:15:20 | **V** | En kry mens soms die gevoel dit was hulle huis gewees vir 'n jaar? |
| 00:15:21 | **A** | O, definitief. Hulle sê dit ook baie vir jou. En hulle grom eintlik daaroor, want jy dring nou in op hulle privaat... Hulle voel dis hulle privaatplek en dan kom hierdie groot groep mense nou op hulle toegesak. So dit is vir hulle 'n baie moeilike aanpassing. |
| 00:15:41 | **V** | Die tweede keer toe jy af is met 'n oorname, het jy toe met die *Cat train* gery? |
| 00:15:48 | **A** | Nee, ek het elke keer uitgevlieg. Kyk, met die tweede keer was dit |

| | | |
|---|---|---|
| | | baie werk gewees wat ek moes doen so ek is feitlik onmiddellik afgevlieg sodat ek dadelik kon begin. |
| 00:15:59 | **V** | En het jy betyds klaargekry? |
| 00:16:01 | **A** | Ja, ons het betyds klaargekry. |
| 00:16:03 | **V** | Het jy ondersteuning gehad daar ook? Iemand wat gehelp het? |
| 00:16:04 | **A** | Ja, ek het ondersteuning gehad. Dit was maklik. |
| 00:16:05 | **V** | Was dit van die Potch-kassies gewees? |
| 00:16:07 | **A** | Potch-kassies. Baie van die kundige mense... Kyk, as hulle op die basis is, het die Lugmag-mense nie veel om te doen as hulle nie vlieg nie. En daai tweede oorname was toe nou weer die Suid-Afrikaanse Lugdiens. Dit was nie Titan nie. Dit was THC gewees, maar nog steeds onder die Gillen... Maar vir een of ander rede daai jaar, het die Suid-Afrikaanse Weermag toe nou weer gevlieg. So as hulle nou in die basis is en hulle vlieg nie en hulle het nie vlugte geskeduleer nie dan sit hulle maar net daar rond. En ek het baie keer van hulle gevra “kom help asseblief”. Want dis swaar goed om te dra en al sulke tipe goed dan het hulle met liefde gehelp. |
| 00:16:52 | **V** | Wat is anders daaraan om so ‘n stelsel op Antarktika op te stel versus, sê nou maar, op Potchefstroom in ‘n fakulteit? |
| 00:17:00 | **A** | Jy moet baie mooi seker maak want daar is nie ‘n rekenaarwinkel daar wat jy kan bel en sê “ek soek dit, ek het dit vergeet” nie, so ons moes baie mooi seker maak dat ons alles saamneem, dat ons die korrekte goed saamneem en binne die begroting bly. Dit was nogals ‘n *challenge* gewees. |
| 00:17:20 | **V** | Ja, die begrotings is nou seker maar nie wat dit vir lande soos Noorweë of Duitsland is nie. |
| 00:17:25 | **A** | Nee, glad nie. Dit is maar baie knyp. En wat ons wel ook gedoen het toe ons begin het, het ek en Leon du Plessis van hier af gegaan. Ons het Helic gaan sien in Johannesburg, en hulle het wel vir ons skenkings gegee vir van die toerusting. Dit was eintlik baie gaaf van hulle gewees. |
| 00:17:48 | **V** | Ja, hulle goed werk op Antarktika ook [lag]. |
| 00:17:50 | **A** | Ons het vir hulle foto’s ook geneem op die ys, met hulle boksies... |
| 00:17:55 | **V** | Nou het julle soms gebraai daarso? |
| 00:17:57 | **A** | Ja, ons het. Natuurlik nie regtig wettig nie. Maar op die Heli-dek het ons. Ek dink met elke oorname ten minste twee keer. |
| 00:18:05 | **V** | Die Heli-dek van die basis nou? |
| 00:18:07 | **A** | Van die basis, ja. En dan is daar in die C-blok ook ‘n gim en die gim het ‘n balkonnetjie na buite. So soms dan braai ons op die balkonnetjie as dit te koud op die Heli-dek is. |
| 00:18:25 | **V** | En hoe werk dit? Want ek skat met 66 mense wat binne ‘n basis is en vir ‘n jaar eintlik 10 mense het, is daar nogal taamlik logistiek in terme van wie eet wanneer, wie stort wanneer... |
| 00:18:31 | **A** | Kyk, tydens ‘n oorname-proses dan word daar gewoonlik ‘n kok van die Weermag saamgeneem so dis sy verantwoordelikheid om in die basis kos te voorsien. En dan die ou span en die nuwe span word saam-saam ingedeel, so jou eweknie-kollega. Die ou van Potch wat daar is en die ou van Potch wat kom, hulle twee word ingedeel een dag ‘n week om die kok te help. So dan leer die nuwe spanlid hoe werk die toerusting in die kombuis, waar is al die goed en die ou |

| | | |
|---|---|---|
| | | spanlid moet ook help om vir hom ook daar leiding te gee. So 'n kok is belangrik in die oorname. Hy sorg vir die kos en goed. Maar soos ek gesê het, die Lugmag-ouens het nie veel om te doen nie so hulle spring vreeslik baie in dan help hulle die kok in die kombuis en dan maak hulle kos en al sulke goed. |
| 00:19:20 | **V** | Die helikopter *pilot* [lag]. |
| 00:19:22 | **A** | Dit was baie lekker altyd gewees. |
| 00:19:24 | **V** | Was die kos darem lekker gewees? |
| 00:19:25 | **A** | Die kos was uitstekend tydens oornames, hoor. Janee. En dan is daar lekker kameraderie. Hulle werk lekker saam. |
| 00:19:33 | **V** | As jy daar op Antarktika is, kom jy die dae van die week agter? |
| 00:19:38 | **A** | Nee, jy kom nie eers jou dag en nag agter nie want dit bly sonskyn die heeltyd. Die eerste ruk is verskriklik moeilik. Want dan sit jy nog so dan sê jy: "Sjoe, maar dis...", jy weet. Jy kyk by sulke klein venstertjies uit... "Oe, maar die son is mooi", dan kyk jy op die klok dan sien jy dis vieruur in die nag. So die eerste ruk vat dit jou 'n tydjie om gewoond te raak, maar omdat mens nou werk moet doen dan dwing jy jouself om standaardure te hou en betyds te gaan slaap sodat jy môre weer kan aangaan met jou werk. |
| 00:20:10 | **V** | En die rekenaarsender op SANAE werk nog? Hy is nog die een wat jy daar gesit het? Hy is nog in plek? |
| 00:20:15 | **A** | Meeste van die goed ja, die monitors. Die beeldriometers se rekenaars het die outjie wat nou daar is, Ettienne, hy het vir die eerste jaar, het hy die beeldriometers vervang, en dit was nog Mike en Bert-hulle wat *way back when*, toe die basis gebou is, is daai stelsel ingesit. So hy is nog nooit vervang van toe af nie. Hy het nog 386 rekenaars wat werk. |
| 00:20:45 | **V** | Nou is my volgende vraag: Is daar druk? Want omdat tegnologie so baie verander, is daar druk so half? Of 'n gevoel van 'n mens wil maar die beste tegnologie daar hê? |
| 00:20:50 | **A** | Mens wil nogal, maar dit gebeur nie baie nie. Jy sal, as jy self nou afgaan, sal jy sien die rekenaartoerusting, veral oor die res van die basis, is maar baie verouderd en dit bly nie by nie. Omgewingsake se begroting is nie so groot nie en rekenaars daar, vir die res van hulle span, Omgewingsake se verantwoordelikheid en dit word nie so gereeld opgegradeer nie. En wat wel gebeur, die keer wat ek nou moes gaan opgradering doen vir die netwerk, het hulle ook 'n bietjie opgraderings gedoen vir hulle. Jy weet, soos vir die diesel *mechanics* en vir die elektroniese ingenieurs en daai ouens – dis als Omgewingsake se verantwoordelikheid om infrastruktuur vir hulle daar te stel. So dan het ek daar opgradering gedoen, maar wat ek wel agter gekom het, dit was nou mense soos Carol en Susan Vosloo en hulle ou rekenaars wat dan uitgegooi word, gaan dan SANAE toe. So dis die ou argaïese goed [lag]. |
| 00:21:46 | **V** | Maar hoeveel van die spanlede, dink jy, vat hulle eie rekenaars as hulle weet hulle gaan vir 'n jaar? Vat hulle hul eie laptops saam? |
| 00:21:48 | **A** | Hulle vat hulle eie rekenaars, veral die wetenskaplikes, vat hulle... Aan die begin was dit nie laptops nie. Laptops het nou maar later jare eers ingekom. Hier by 2000 rond het ouens hulle eie rekenaars, hulle eie *desktop*-rekenaar self saamgeneem. |
| 00:22:15 | **V** | Is daar geleentheid, dink jy, dat jy weer sal afgaan binnekort? |

| | | |
|---|---|---|
| 00:22:17 | **A** | Ek kan nie so sê nie, nee. |
| 00:22:18 | **V** | Sou jy graag wou? |
| 00:22:20 | **A** | Ek sou graag wou, ja. Dis ‘n belewenis wat mens enige tyd weer sal doen. |
| 00:22:28 | **V** | Wat is so mooi aan Antarktika? |
| 00:22:30 | **A** | Die vrede en die stilte, die vreemdheid aan die omgewing. Ons hier is nie gewoond aan die sneeu, sneeu, sneeu nie. Dit is regtig mooi. |
| 00:22:35 | **V** | En tydens oorname raak mens nie moeg daarvoor nie. |
| 00:22:45 | **A** | Nie tydens oorname nie. Jy voel op ‘n stadium jy wil nou begin huis toe gaan, dis nou tyd. Maar ek dink die span het ‘n baie groter aanpassing wat dit betref. |
| 00:22:50 | **V** | En het julle *sundogs* gesien? |
| 00:22:55 | **A** | Ja, ons het baie van dit gesien. |
| 00:22:58 | **V** | En, as mens nou buite kom, wat maak mens? Stap jy maar net? Moet jy uitteken? |
| 00:23:01 | **A** | Ja, ons het... Dit hang af van die koördineerder, maar ek dink dat die amptelike reël is dat, as jy uitgaan moet jy teken, en jy moet verkieslik nie alleen uitgaan nie. As jy uitgaan moet een van die groep ‘n radio hê om te kan kommunikeer met die basis en jy moet sê julle gaan uit. Nie net teken nie, ook sê by die radiokamer. |
| 00:23:25 | **V** | Maar is dit ‘n mooi oop dag is? |
| 00:23:26 | **A** | Nog steeds, want die weer verander so gou. |
| 00:23:30 | **V** | Het jy dit beleef dat die weer so verander, terwyl jy buite is? |
| 00:23:31 | **A** | Ja, baie keer. Ons het eenkeer uitgegaan in ‘n storm, spesiaal om dit te kan beleef en dit is *wow*. |
| 00:23:40 | **V** | Was dit spesiaal, so half, vooraf gereël gewees? |
| 00:23:43 | **A** | Wel, ons het gesê ons wil uitgaan in ‘n storm, en van die spanlede en mense wat nou vertroud is met die plek het ons uitgevat, net so entjie uit die basis en dan weer terug, want jy kry nie asem nie. Jou asem gaan letterlik weg. Die wind waai jou asem weg. Jou longe brand so, jy kry nie asem nie. |
| 00:24:00 | **V** | En *smelly*? Kry jy ‘n beurt met *smelly*? |
| 00:24:05 | **A** | Heerlik ja, dis wat moet jy doen. Jy moet jou naam op die *smelly*-lys sit. Gaan gooi *smelly*, dis lekker, dis heerlik. Want met *smelly* gooi kan jy afgaan. Daar is daai pyp met die liggies aan wat die water terugvoer na die basis toe. So jy kan al met hom langs afgaan maar dis ook groepe, gewoonlik so vier of so, wat in ‘n groep ingedeel word. Dan kan jy afgaan *smelly* toe en gaan *smelly* gooi. |
| 00:24:27 | **V** | Wat doen jy dan? Skoffel jy net? |
| 00:24:30 | **A** | Gras gooi jy in die gat, ja. |
| 00:24:32 | **V** | Hoeveel? |
| 00:24:33 | **A** | Jy mag genoeg gooi. En dan is dit lekker as daar nou dalk bietjie sneeu was. Het ons baie keer *angels* gemaak. Jy lê plat en dan maak jy *snow angels* en sulke dinge. En om terug te stap, dan kan jy op jou tyd terugstap en dan kan jy bietjie sit en bietjie rond kyk en so aan. Ja, dit was altyd baie lekker gewees. |
| 00:24:55 | **V** | Ek verstaan Antarktika is stil? |
| 00:24:57 | **A** | Dis baie stil. Dit suis so stil is dit. |
| 00:25:00 | **V** | Het jy geleentheid gehad om na een van die ander basisse toe te gaan? |

| | | |
|---|---|---|
| 00:25:05 | **A** | Nie met my eerste oorname nie, maar wel met my tweede oorname het hulle my uitgevlieg Troll toe. Toe hulle, hulle moes iemand... Een van die Noorweërs was daar toe moes hulle teruggaan Troll toe. Toe het ek daar omgevlieg en dit was baie interessant. |
| 00:25:15 | **V** | Hoekom was dit interessant? |
| 00:25:18 | **A** | Troll is ‘n baie klipperige plek en daar is sand en klippertjies en allerhande kleure klippe. So ek het my handskoene uitgetrek en aan die sand gevat daar. Dis eintlik meer klippe wat verbrokkel het. |
| 00:25:25 | **V** | So ‘n tipe gruis. |
| 00:25:26 | **A** | So ‘n tipe gruis. |
| 00:25:27 | **V** | Het jy kans gekry om in die basis self in te gaan? |
| 00:25:35 | **A** | Ja, ons het ingegaan maar dit was toe nou hulle somerbasis, en nadat ek daar was, het hulle wel ‘n winterbasis op Troll opgesit. Dit was maar net klein rooi hutjies wat hulle daai tyd daar opgehad het. |
| 00:25:40 | **V** | So dit was nou nie so *fancy* nie. |
| 00:25:45 | **A** | Dit was nou nie so *fancy* nie, maar hulle was op daai stadium besig om 'n... Hulle het ‘n groot vliegtuigaanloopbaan daar, so hulle het ons uitgevat na waar hulle besig is om, jy weet, as daar klippe in die sneeu is, dan smelt dit en maak ‘n *wind scoop* om. By die lughawetjie wat hulle het daarso, dan moet hulle daai rotse uithaal daarso, en die gat opvul dat dit glad is. So dis ‘n hele proses wat hulle daar het. En dit was baie interessant om te sien hoe hulle dit doen. |
| 00:26:20 | **V** | Daai laaste week voor jy nou... Het mens ‘n datum wat jy presies weet dat jy teruggaan skip toe? |
| 00:26:26 | **A** | Nee. |
| 00:26:27 | **V** | Nou hoe werk dit? |
| 00:26:28 | **A** | Dit hang af van die weer. Jy sal agterkom, almal praat van “*weather permitting”*. So *whatever* gebeur hang van die weer af. Dit gebeur, veral met tweede oorname onthou ek nou bietjie beter as die eerste een, aan die einde het ek nou begin klaarmaak met al die los takies en so ek was redelik klaar gewees, maar die ooreenkoms was dat ek laaste sou uitvlieg – net voor die skip vertrek – omdat mens nou altyd klein goedjies met die netwerk het wat klaar is en deurmekaar is. Net om seker te maak die ouens verstaan wat hulle moet doen en as hulle dalk vrae het, die wat moet agterbly. En toe, ewe skielik word daar vir my gesê ek vlieg binne ‘n halfuur en ek is nog nie gepak nie. So toe hardloop ek en ek gaan pak en alles, want nou moet ek binne ‘n halfuur reg wees vir die vliegtuig. En, ek meen, in ‘n maand is jou goed maar verstrooi. So dit het ek toe nou in allerhaas gedoen en toe ek nou uitkom op die Heli-dek toe begin dit sneeu. Toe is ek nog twee dae langer daar. |
| 00:27:35 | **V** | Nog twee dae? |
| | **A** | Ja, maar ek meen, nou is jy ingepak. Nou weet jy nie: moet jy uitpak? Nou is jy soort van op *stand-by* so jy kan nie regtig uitpak nie, want die oomblik as die weer reg is, dan gaan jy weer uitvlieg. So daar gebeur maar sulke goed. |
| 00:27:50 | **V** | Tans – hoe sou jy sê is die SANAE-netwerk? |
| 00:27:58 | **A** | Hy is baie goed, dink ek, ja. Ek het nie regtig ondervinding daarmee nie. Ek vra nie regtig die ouens daar meer nie, maar hulle klink vir my |

| | | |
|---|---|---|
| | | tevrede. Dit is belangrik – die outjies wat afgaan SANAE toe kontak met my as hulle probleme het wat hulle nie self op die basis kan, jy weet, dan kan ek altyd van hierdie kant af sê: "Daar is probleme. Kyk 'n bietjie", maar dit gebeur baie min deesdae. Vandat die nuwe stelsel in die Kaap aan die gang is, is daar nie regtig probleme nie. |
| 00:28:22 | **V** | En die nuwe stelsel – dit beteken nou grootliks hulle internet? |
| 00:28:25 | **A** | Nuwe internet, 'n breër bandwydte en die bandwydte se *backbone* loop by die kantore in die Kaap. Jy was seker al daar. En as jy mos inkom is daar mos die groot skottel. Dit is vir hulle kommunikasie daar. |
| 00:28:40 | **V** | So hulle het hulle eie *dedicated*... |
| 00:28:41 | **A** | Dit is hulle eie *dedicated* ding en dit is nou Jan Hattingh se firma wat gehelp het om dit te koördineer na die... |
| 00:28:49 | **V** | Werk die telefoon ook na daai skottel toe? |
| 00:28:50 | **A** | Alles werk daardeur – telefoon, faks en data. Dis presies soos wat dit was by Hartbeeshoek by Telkom, maar dit is nou net deur... |
| 00:28:59 | **V** | En nog omtrent 500 km nader. |
| 00:29:03 | **A** | Ek glo nie dit maak regtig 'n verskil nie, maar ja. |
| 00:29:06 | **V** | Dit is ook net meer "daar". |
| 00:29:10 | **A** | Dit is soort van net sodat Omgewingsake net meer beheer kan hê daaroor, dat hulle self kan die kundigheid bou. Want kyk, as hulle toerusting in die Kaap ken, kan hanteer en kan opstel en kan herstel as daar foute is, dan is daar iemand in die Kaap wat hulle kan na stasies toe stuur en self die toerusting aan die ander kant kan gaan diens. |
| 00:29:29 | **V** | So is daar soortgelyke skottels op Marion? |
| 00:29:37 | **A** | Ja, dis net bietjie kleiner. Dis soortgelyk aan ons, en die toerusting en die hardeware is presies dieselfde. So dis vir hulle, dink ek, 'n groot stap vorentoe gewees. |
| 00:29:45 | **V** | Is daar 'n *back-up* as daar nou een of ander storm is of iets gebeur? |
| 00:29:51 | **A** | Binne-in die skottel, die meganismes en goed, daar is veronderstel om *back-up* te wees. Ek weet nie hoeveel daar nou ingebou is in die nuwe stelsel nie, want ek was nie regtig daar betrokke meer aan die einde nie. Maar by die ouer stelsels was daar *back-up* gewees, maar op die ou einde het dit heeltemal uitgepeuter. Die goed het heeltemal stukkend geraak. In terme van die ou stelsel daar – daar is hardeware wat ingaan aan die agterkant van die skottel, en elke basis het ekstras gehad, maar hier teen die einde het toerusting stukkend geraak, soos jy gehoor het. Dit het baie gebeur dat die laaste spanne, het veral in die wintertye, het hulle so maklik vir 'n maand geen kommunikasie gehad nie. |
| 00:30:41 | **V** | Per internet? |
| 00:30:43 | **A** | Ja, per internet, en ook daar is telefone ook. |
| 00:30:47 | **V** | En radio? |
| 00:30:50 | **A** | Radio het hulle dan ja, en dan kommunikeer hulle met die ander basisse en so aan. |
| 00:30:53 | **V** | En dan word dit so ge-*relay*? |
| 00:30:55 | **A** | Ja. Veral die laaste jare, maklik 'n week – 'n week is niks om nie kommunikasie op die basis te gehad het nie. |
| 00:30:59 | **V** | Maar hulle het genoeg kommunikasie per radio of wat ook al met |

| | | |
|---|---|---|
| | | Kaapstad dat daar nie totale stilte is nie? |
| 00:31:01 | **A** | Ja. |
| 00:31:03 | **V** | Het dit al gebeur dat daar totale stilte was vir so drie dae wat julle van weet? |
| 00:31:14 | **A** | Wat ek van weet – definitief 'n week wat daar geen kommunikasie was nie. |
| 00:31:18 | **V** | Wanneer begin hulle bekommerd raak? |
| 00:31:23 | **A** | Ag, as jy daar is raak jy lekker *laid back*. Môre is nog 'n dag. Wat is die gejaag? Solank jou programme loop en jou rekenaars loop en jy kan Prof. *happy* hou dan is dit reg so. |
| 00:31:35 | **V** | En begin mens nie bekommerd raak nie? |
| 00:31:38 | **A** | Jy kan nie. Mens word nogal voorbereid om te weet daar gaan stiltetye wees. En afgesien daarvan, die mense... Dis donker, dis nag, mense trek hulleself in in wat hulle doen, so hulle is ook nie regtig lus om te kommunikeer nie, hoor. So ons is al gewoond daaraan. Ons weet hierso by Augustusmaand is die manne se gemoed bietjie donker. Hulle erken dit nie altyd nie, maar jy kom dit agter. Wat ek dink baie belangrik is, wat ek dink Prof. Stoker maak 'n punt daarvan, dit is 'n staande reëling – elke twee weke moet die spanlid hom op 'n Woensdagoggend bel en dan gesels hulle nou. Dis langer as 'n uur (daai gesprek wat hulle met Prof. het) en dit gaan als oor die wetenskap. Partykeer is dit vir hulle sinneloos en so aan, maar as die manne nou terugkom dan sê hulle dit was een van die belangrikste *lifelines* vir hulle om te weet; "Dis my verantwoordelikheid. Ek moet vir Prof. bel en ek moet met hom praat." Dit was vir hulle baie belangrik gewees. |
| 00:32:46 | **V** | Dit klink vir my Prof. Stoker is so half op 'n manier die paterfamilias van die hele projek hier en hy ken elke student wat gaan vir 'n jaar of 'n elke Potch-kassie dan? |
| 00:33:02 | **A** | Ja. |
| 00:33:04 | **V** | Is dit 'n goeie waarneming? |
| 00:33:06 | **A** | Dis 'n baie goeie waarneming. Dis soos wat ek sê, hy hou hulle hand vas al die pad. Daar is wel die afstand, dis Prof. Stoker daai, maar... |
| 00:33:15 | **V** | Almal noem hom "Prof." deur die bank. |
| 00:33:20 | **A** | Ja, dit is regtig... Mens het net respek vir hom. |
| 00:33:23 | **V** | So nou klim mens op die skip. Watter gevoel kry jy nou weer op die skip is om terug te gaan huis toe? |
| 00:33:29 | **A** | Dis baie hartseer. Dis verskriklik hartseer, want weet jy wat gebeur? Meeste ouens word gevlieg, dan terug tot direk op die skip of ander ouens ry weer die *Challenger* terug skip toe, veral die drywers, want hulle moet die laaste diesel nou weer oorvat en al sulke goeters. En dan as almal nou op die skip is dan is daar gewoonlik ook so drie van die nuwe span (want die res is nou almal nog op SANAE) wat daar op die walletjie staan en dan trek die skip weg en hy blaas die mis oor hulle. Dit is die hartseerste gevoel wat ek in my lewe nog beleef het. Daai mishoring wat jy hoor en jy sien daai drie arme mensies wat jy daar los op daai groot ysveld. Dit is regtig 'n *poignant moment*. |
| 00:34:18 | **V** | En dan as jy weer in Kaapstad aankom? |
| 00:34:21 | **A** | As jy in Kaapstad aankom is jy ook weer bly, maar jy kry so warm. So dae uit al van Kaapstad self af, dan is dit warm en jy was nou |

| | | |
|---|---|---|
| | | gewoond aan hierdie warm klere. Dis mos maar moeilik. Mens wil mos maar geleidelik lente en herfs hê, maar dan is dit nou *slap bash*. Ag, en dan is dit nou die skip se krokodil wat ook nie lekker funksioneer meer nie so dan is jy baie bly om af te klim van daai skip af aan die einde, hoor. Dis regtig lekker om dan weer huis toe te gaan en lekker om te sien die spanlede se mense wat kom om hulle op die hawe te verwelkom. |
| 00:35:00 | **V** | Is daar van die spanlede wat hulle baarde en hare verloor op die skip of hou hulle dit maar? |
| 00:35:05 | **A** | Die meeste, dink ek, probeer dit hou, maar dis baie warm. Beide kere wat ek gegaan het, het van die ouens dit al afgeskeer op pad terug. Maar baie probeer dit hou dat hulle mense hul kan sien. |
| 00:35:20 | **V** | Is mense nuuskierig as hulle hoor jy was op Antarktika? Wat is jou gevoel? |
| 00:35:25 | **A** | My gevoel is – almal vra altyd "O, ek hoor jy was op Antarktika?", maar dan kyk hulle ander pad. Hulle wil nie regtig hoor nie. Want die oomblik wat jy begin vertel, dan sien jy, nee, maar of hulle verstaan nie of hulle stel nie belang nie. |
| 00:35:45 | **V** | Nou as mens dan terugkom... Ek bedoel jy was nou 'n rukkie betrokke gewees en dan was jy daar en dan kom jy hier en die mense was almal daar, is dit anders? Om met mense te gesels wat reeds daar was? |
| 00:35:55 | **A** | Nee, dis heerlik, want dis mense wat verstaan waarvan jy praat. Dis verskriklik lekker, deur die jare ken mens nou maar baie spanlede en mens leer baie mense wat betrokke is by die program ken en so aan. Soos ek en Carol het baie groot vriendinne geword met dit, so ek kuier baie keer by haar, sy kom elke Aardklop na my toe, jy weet. So dis verskriklik lekker en dan as ons nou saam met mense kuier wat ook daar was, dan is dit altyd 'n baie lekker gesprek, want dis 'n gemeenskaplike gesprek. Almal ken die projek en almal ken die. Dis altyd baie lekker, ja. |
| 00:36:38 | **V** | Dankie. Is daar enigiets wat jy nog wou byvoeg? |
| 00:36:40 | **A** | Nie wat ek vinnig aan kan dink nie. Ek het net 'n paar foto'tjies wat ek vir julle wil gee. |
| 00:36:43 | **V** | Baie dankie. |
| 00:36:46 | **A** | Hierdie is 'n gedig geskryf deur Kobus Booysen. Hy het 'n aanstelling soortgelyk aan Carol se aanstelling gehad by Departement Omgewingsake. Hy het oogkanker gehad, en is so 'n paar jaar gelede oorlede. So dit was vir my baie spesiaal gewees hierdie. |
| 00:37.03 | **V** | Dis regtig mooi. |
| 00:37.04 | **A** | So hy het ook 'n hele paar oornames gedoen. Hy was 'n oorname-koördineerder altyd gewees, ja. Vir die span, ja. |
| 00:37:10 | **V** | En hierdie is 'n lugfoto van... |
| 00:37:12 | **A** | Dit is 'n lugfoto, ja. |
| 00:37:14 | **V** | Het jy dit self geneem? |
| 00:37:15 | **A** | Nee. Ek dink dit was Johan Nel wat die foto geneem het. 'n Vorige spanlid wat hom geneem het. Mooi, né? |
| 00:37:22 | **V** | Jissie, maar dis 'n groot kransgebied. |
| 00:37:23 | **A** | Dis verskriklik. Nee ons het... Ek sou eendag hier af ge-*abseil* het, maar min of meer daar... Net 'n pen kry... Die radar, hier loop die radar, sien jy? |

| | | |
|---|---|---|
| 00:37:38 | **V** | Ja. |
| 00:37:39 | **A** | En daar is die *ray dome*. Dit is so 'n *dome*pie wat op 'n stellasie staan. En Fritz het dan nou. Ag, Dewald het dan nou van hier van die krans afgeval. |
| 00:37:48 | **V** | Is daar 'n kruis of 'n ding? |
| 00:37:50 | **A** | Ek weet nie. Jy sal sien as julle ry hierso met die yspad daar is 'n streep daar. Dit is die yspad wat nou so om kom basis toe. Daar iewers is 'n kruis, wat vir Pierre... Ek kan nou nie sy van onthou nie. |
| 00:38:05 | **V** | Pierre, die kapelaan wat... |
| 00:38:06 | **A** | Nee, dis 'n seun. Dis 'n... Dit was een van die konstruksiewerkers. Dit was 'n jong man gewees wat 'n konstruksiewerker was toe hulle nog die basis gebou het. |
| 00:38:14 | **V** | O, hy het gaan soek na die kapelaan en so. Okay. Sjoe, dit is hartseer. Het jy 'n *abseil* ervaring gehad voordat jy gegaan het? |
| 00:38:22 | **A** | Nee, glad nie. Glad nie. |
| 00:38:23 | **V** | Glad nie? |
| 00:38:24 | **A** | Glad nie. Met my eerste oorname het hulle ons buite die heli-dek op die basis 'n bietjie laat met toue op- en afgaan. En dan het ons in krewasse afgegaan. En met my tweede oorname het ek voor die krans afgegaan daar. Daar voor die huis het ons daar afgegaan min of meer waar Jamneck oorlede is. As julle met Eric-hulle praat, ek gaan hulle... Ek het dit maar ek gaan dit nie vir jou gee nie. Ek dink hulle kan dit vir jou gee. Hulle het 'n Powerpoint-opstelling met... Soos hulle het 'n diens gehou, want hy was mos in Augustusmaand dood daar. So hulle het so 'n Powerpoint-ding gemaak. En jy sal seker met Chantelle Steyn ook 'n... Sy is in die Kaap. Nou, sy was saam met Gert die jaar af met Dewald, en sy was in die *ski-doo* agter en Dewald het voor haar oorgery. |
| 00:39:11 | **V** | Ja, ek sal met hom praat. |
| 00:39:13 | **A** | Dit was vir haar verskriklik traumaties gewees. |
| 00:39:16 | **V** | Jis, en dan moet jy nog 'n jaar daar sit. |
| 00:39:17 | **A** | Ja, want sy sê sy het besef, want ons het haar geleer van die omgewing, en sy het besef hy ry verkeerd, maar bo die geraas van die *ski-doo's* en die wind en die sneeu... |
| 00:39:26 | **V** | Kon hy nie... |
| 00:39:26 | **A** | ...kon hy nie hoor nie. Sy sê sy het naderhand afgeklim en vir hom probeer waai en wys maar dit was te laat. |
| 00:39:32 | **V** | Og, dramaties. Eric het mos self, die DOW-ou, verlore geraak daai dag, en het oorleef. |
| 00:39:39 | **A** | Ja. Het jy al met hom gesels? |
| 00:39:41 | **V** | Op die skip tot Marion toe vinnig, maar nog nie amptelik nie. Ek het al sy nommer en goed in die hande gekry. |
| 00:39:45 | **A** | Dis hy wat die preke altyd doen, ja. |
| 00:39:49 | **V** | Ja. |
| 00:39:50 | **A** | Want André vertel altyd van Eric wat preek van die "voëltjie-tjies" en [lag]... |
| 00:39:55 | **V** | [lag] Ja. Maar hy is 'n goeie lekeprediker. |
| 00:39:56 | **A** | Hy is 'n baie goeie lekeprediker want ek het ook nou al 'n paar van hom gehoor, jy weet, wat hy gepreek het. So hier af is... |
| 00:40:02 | **V** | Is dit hier af wat die outjie wat in die krewas nou laasjaar... |

| | | |
|---|---|---|
| 00:40:05 | **A** | Jamneck. Ja, hy het voor die basis af, omtrent hierso, *abseiling* altyd af... |
| 00:40:10 | **V** | Het jy hom geken? |
| 00:40:11 | **A** | Ja. Hy was op Potch gewees. Sy broer is nog steeds op Potch. |
| 00:40:14 | **V** | O, okay, Jamneck. Ek wou nou net sê, want jy praat met 'n *pet name* van hom. |
| 00:40:17 | **A** | So, ja. |
| 00:40:18 | **V** | Dis nie 'n naam wat ek ken nie. Maar het julle spesifiek krewas-*training* dan gekry? Toe julle daar was? |
| 00:40:22 | **A** | Nee. Ons het maar net saam met die ouens wat weet en wat voorheen daar was dan gaan ons af. Hierso aan hierdie kant, as jy hier by die diesel *bunkers* omgaan, is daar wat hulle noem 'n berg *shroot* wat 'n vreeslike groot skeur is. Ons het al daarin afgegaan, en dan die jaar wat die SAF-ouens, met ander woorde, my tweede oorname, het daar in hierdie... Hier is mos twee sulke hobbels voor die basis. In hierdie hoop het daar 'n vreeslike groot skeur oopgegaan wat hulle, toe hulle met die helikopters oor is, het hulle dit gesien, en toe het ons daarin afgegaan. Ek het 'n paar foto's wat ek vir jou sal wys. So ek het hier voor afge-*abseil.* Ek het daar in 'n krewas afgegaan. Ek het hier agter in 'n krewas gegaan. Toe 'n ander keer, toe wou die Lugmag-ouens wou hier afge-*abseil* het maar ek was nie so lekker nie. Ek het daai dag my menstruasie gehad so toe besluit ek nee ek gaan liewerster nie afgaan nie. Maar hulle het afgegaan en dit was vir hulle baie lekker gewees, ja. |
| 00:41:18 | **V** | So klink my jy het 'n lekker groot *abseiler* geword. |
| 00:41:21 | **A** | Ja. Mens moet. |
| 00:41:22 | **V** | Hou jy nou vol daarmee hierso? |
| 00:41:23 | **A** | Nie regtig nie, nee. Ek het nie geleentheid regtig nie, maar dit is baie... |
| 00:41:28 | **V** | Ja. Ek sal by die bulte af... |
| 00:41:30 | **A** | Dit is baie belangrik, hoor, om deel te neem. En soos ek sê, om daagliks uit te gaan. Dis belangrik vir jouself. |
| 00:41:36 | **V** | Self. Vir jou siel. |
| 00:41:37 | **A** | Ja. Vir jou siel. En dan is daai nou Cobus s'n, en dan sê ek dit is ons adres waarheen ons gaan. |
| 00:41:43 | **V** | Dis oulik. |
| 00:41:48 | **A** | So dit is ons adres daar, en dit was nog van Quay 500 af, toe die skip van Quay 500 af gekom het, ja. |
| 00:41:54 | **V** | Ek wil nou net sê, dit lyk nie soos een wat ek ken nie. |
| 00:41:57 | **A** | Ja. Nee ek het nie een keer wat ek afgegaan het, hulle het toe nou nog nie daai gebou gehad nie. So jy kan maar blaai soos jy gekyk het, as daar iets is... Okay, hierso was ons... |
| 00:42:06 | **V** | Daar is Sam. |
| 00:42:06 | **A** | ...feitlik ons eerste aand op die skip gewees. Dis Sammo en dit is Dave. Wat is sy van? Hy was die hoof van PWD, die *Public Works Department*. Dave Hendricks. |
| 00:42:20 | **V** | Hendricks? |
| 00:42:21 | **A** | Ja, dis hy daai. En ek dink Frans sit agter hom. En dan is dit ek en dan is dit Leon du Plessis. |
| 00:42:26 | **V** | Du Plessis. |

| | | |
|---|---|---|
| 00:42:26 | **A** | Het julle hom ook ontmoet? |
| 00:42:27 | **V** | Nog nie, nee. |
| 00:42:28 | **A** | Okay. Julle kan lekker met hom gesels ook, hoor. En dan is dit nou maar net die wolketjies. En daar het ons by Bouvet gestop. Ja, hulle het afgeklim daar en so. En toe het Carol... |
| 00:42:39 | **V** | O, het julle afgeklim? |
| 00:42:40 | **A** | Nee, Carol het afgegaan saam met die helikopters so dis hoekom ons hierdie mooi foto's het. |
| 00:42:44 | **V** | O, en dit is nog 'n ding wat hulle daar gehad het. Ja, hy is intussen verwoes. |
| 00:42:54 | **V** | Jis, dit lyk nie na 'n vriendelike plek nie. |
| 00:42:56 | **A** | Glad nie! Dit stink verskriklik daar. Okay, hierdie is Dave Hendricks, ek, Carol, Sammo en hierdie is een van die drywers. Ek kan nie sy naam onthou nie. |
| 00:43:07 | **V** | Is die drywers ook van die Weermag? |
| 00:43:10 | **A** | Meeste, ja. Meeste van hulle ja. Okay, daar is die skip. |
| 00:43:16 | **V** | O, daar, hier is julle al 'n bietjie in die ys. |
| 00:43:17 | **A** | Ja. Daar begin ons al bietjie stoot, ja. Dit is die *pool circle*-seremonie gewees... |
| 00:43:23 | **V** | [lag] Was Carol ook daardeur? |
| 00:43:25 | **A** | Ja. |
| 00:43:26 | **V** | Was dit haar eerste keer? |
| 00:43:27 | **A** | Dit was haar eerste Antarktiese *trippie*. Sy was toe al na beide Gough en Marion toe gewees, ja. |
| 00:43:31 | **V** | Ja, ek het al met Carol gesels. |
| 00:43:34 | **A** | En daar is dit na die seremonie. |
| 00:43:37 | **V** | O, en daar braai julle. |
| 00:43:28 | **A** | Daar braai ons, ja. Nou elke keer na die seremonie dan braai jy op die heli-dek, ja. Okay, en dit is nog deel van die braai na die seremonie. |
| 00:43:48 | **V** | En toe is julle darem al warm en skoon. |
| 00:43:50 | **A** | Ja. [lag] Jy hardloop vir daai stort vir warm water want ek meen almal moet stort na daai hawermout en eier in jou hare in doen. |
| 00:43:58 | **V** | Hierdie is... |
| 00:43:59 | **A** | Dis op die *poop deck* daarbo. Ja. O, hierdie was *Christmas* op die skip gewees. Ons het darem 'n kersie en so 'n dingetjie gehad. Dit is Carol, en dit is Jan Wiid, die radaringenieur van hierdie jaar. Dit is Leon – hy was die spanlid – en dit is nou ek. So dit is maar die Potch-kassies en Carol omdat sy saam met my gekuier het. |
| 00:44:17 | **V** | *Cheese flavour*. |
| 00:44:18 | **A** | Ja, c*hippietjies,* ja. O, dit is maar die yswal... |
| 00:44:22 | **V** | Is daai *E-base* of wat? |
| 00:44:23 | **A** | Nee, dis 'n *Caboose* net. Jy kan nie *E-base* van die wal af sien nie. En dan daar is die *ramp* wat hulle daar gehad het. Daai pale is waar... |
| 00:44:31 | **V** | Oe, dit lyk gevaarlik. |
| 00:44:35 | **A** | Dit is verskriklik gevaarlik, hoor. Hierdie is uit die brug uit geneem. Want ons het omdat Carol nou daar was het sy baie, jy weet... |
| 00:44:43 | **V** | Omgewings... |
| 00:44:44 | **A** | Reël by Omgewingsake werk, en sy moes die paklys hanteer, soos |

| | | |
|---|---|---|
| | | wat die goed afgeswaai word na die yswal toe. So ons het baie op die brug gestaan. Jy sien die weerkaatsing van die vensters daar, jy weet. Daar is 'n krewas. |
| 00:44:58 | **V** | Ja. |
| 00:44:59 | **A** | Party van hulle by die Joepelstramen kan jy die hele skip daarin pas, so groot is dit. |
| 00:45:05 | **V** | Dis... Jy kan dit nie voorstel nie. |
| 00:45:06 | **A** | Glad nie, nee. Nee, jy kan nie. Hierdie is 'n Nuwejaars-*party*, was, *upside down and* onderstebo, so jy moes al jou klere wat jy aantrek onderstebo en *upside down* so my rok se soom is hier en my kraag het onder by my knieë gegaan. Maar dit was baie lekker, soos ek sê die Duitsers, dit was die Duitsers gewees wat saam, beide die Duitsers, hulle het verskriklik lekker gekuier. Toe die *Penguin* ouens, dit is die Engelse, hulle het... Hulle kos het opgeraak en hulle skip het vasgesit in die ys, so toe vlieg hulle met twee sulke *Penguin*, *Penguin 1* en *Penguin 2* het hulle SANAE toe gevlieg. Toe kom haal hulle by ons kos want ons het ekstra kos in 'n *depot* gehad, ja. Maar dit was verskriklik oulik gewees. Toe weet ons nou hulle kom, toe het die... Die kok se naam was Titus, en hy het toe spesiaal 'n wonderlike ete gekook om hulle toe nou welkom te heet omdat hulle toe nou honger is. Jy moes daai outjies se gesigte sien. Hulle het sulke *T-bones* gekry, die hele bord is vol *T-bone* filet en dan was daar nou allerhande bykosse gewees. Maar dit was vir hulle verskriklik lekker gewees. En ek sal nooit vergeet, toe hulle nou klaar is, al die kos opgelaai en teruggegaan het. Ons het so 'n dag of twee gekuier. Toe hulle nou teruggaan, toe sit die *ski's* van die vliegtuig, toe sit dit vas. En dan wikkel hulle so en hulle hang so aan hierdie vlerke om hom so te probeer oplig, en dis grawe en dis alles. Maar dis 'n hele proses net om te kan wegvlieg, jy weet, want hulle sit vas daarso. Letterlik het hy vas ge-ys. |
| 00:46:36 | **V** | Dit kom daarvan om te kom kos haal by Suid-Afrika. Die bordjies is te lank. |
| 00:46:41 | **A** | Ja. Dit was baie interessant. En dan hierdie, dis binne-in die radarhut. Dis binne-in daai plekkietjie. Ja. Die radar se toerusting is hier binnekant om daai... Maar hulle het nou omgewaai. |
| 00:46:55 | **V** | Ja, ek het so gehoor. |
| 00:46:56 | **A** | So dit is binne-in die radarhut. En daai was die spanleier wat daar was toe ons nou daar aangekom het. Farouk is sy naam. Hy was die dokter gewees ja. Dit was feitlik die eerste dag toe ek daar was toe het ons so 'n *trippie* gedoen om te sien wat is alles waar. |
| 00:47:14 | **V** | Is hierdie klipperigheid? |
| 00:47:15 | **A** | Dit is klipperigheid alles daai. Dis vreeslik klipperig daar, ja. Maar jy gly jou gat af. En dan hierdie is my *ski-doo.* Ons het bietjie gaan skoonmaak. En daarso is Vena, was ons vorige spanlid en hierdie is dan seker die nuwe spanlid. Ek kan nie regtig sien wie is daai nie, laat ek net gou kyk. |
| 00:47:35 | **V** | Die *ski-doo*, hoe is hulle om te bestuur? |
| 00:47:36 | **A** | Dis lekker. Dis lekker speelgoed, ja. Maar jy moet net mooi vassit as jy bestuur want ek weet ek het eenkeer bietjie vinnig gery dan waai jou been sommer so af en dan kap hy hier teen die kant. |
| 00:47:48 | **V** | Eina. |

| | | |
|---|---|---|
| 00:47:48 | **A** | My been hierso so was vir maande potblou gewees. Hierso het die magnetometer se pype oopgewaai. Dis wat ons daar toegemaak het. Daar eet ons. As jy so loop dan word jy vreeslik dors en dan gryp jy sommer 'n stuk ys en dan eet jy dit. En daai is by die diesel-*bunker.* |
| 00:48:07 | **V** | Jis, maar dit lyk baie... Ek hoor dis baie droog daar. |
| 00:48:10 | **A** | Baie, baie droog. Jy moet room vir jou vel saamvat, hoor? En goed vir jou oë. Maar okay, daar isdit. Jy kan vra jy wil net hê. Ek dink hulle sal dit nog steeds so doen. En... |
| 00:48:19 | **V** | Ai, ek gaan kontaklense dra. |
| 00:48:33 | **V** | O, okay. En daai... Die hele ding is, dis al twee [onduidelik]. |
| 00:48:37 | **A** | Ja, ja. Daai is maar net van die kant af. Net mooi kyk... Ja, dis as jy nou om kom, die goed is daarbo. En hierdie noem hulle... Almal praat van verskillende goeters, maar hierdie noem hulle die *Crystal Palace*. Dis ook 'n ver trek op. Jy stap ook oor die berg, Shrunt, tussen die twee hobbeltjies stap jy daarop, ja. En dan het ons nou daai dag... Dit was 'n heerlike warm dag. Dit is net 'n gewone, dun, driekwartmou-toppietjie daai wat ek aanhet. Ja. |
| 00:49:11 | **V** | O, wow. |
| 00:49:12 | **A** | En, dis verskriklik mooi. Sover soos wat jy loop op die berg dan hoor jy hoe kabbel die water onder die... omdat dit so warm was, ja. Daar waar my hand is, was water. |
| 00:49:31 | **V** | Sjoe! Was dit nie koud toe jy jou hand uithaal nie? |
| 00:49:37 | **A** | Dit was bitter koud, ja. En dan is hierdie net 'n *sunset* en dan daar is die balkonnetjie agter die *gym*. Daai ouens is almal van Stellenbosch. Daai ou is Wally, daai ou was die Duitser... |
| 00:49:52 | **V** | [lag] Hy lyk soos ʼn Duitser. |
| 00:49:53 | **A** | En hierdie is Meiring Beyers of *something.* Hy is ook Stellenbosch. Okay, so dis Leon, dis Meiring Beyers, dis Jan Wiid, dis Wally (ek kan nie sy van onthou nie), dis Ertjies. Hy was die spanleier saam met Leon die jaar toe hulle nou agterbly en ons huis toe kom en toe die volgende jaar toe besluit hy hy wil nog ʼn jaar bly, maar hy wil nie spanleier wees nie. |
| 00:50:14 | **V** | O, okay. |
| 00:50:15 | **A** | En daai was een van die Duitsers gewees. Nog ʼn *sunset*... Die klippe is bros, hulle verbrokkel sommer so. |
| 00:50:25 | **V** | Ja, ek sien so. Daar is sulke reguit lyne ook. |
| 00:50:30 | **A** | Dit was net die voertuig. En daar het ons een, dit was *sunset,* glo dit of jy wil of nie. Dit is aan die agterkant. Hierso so, is ʼn klein koppie, ons het daarnatoe gestap. En dit was een van die ou, hy was ʼn elektriese ingenieur van die vorige span. Hierdie was die Duitsers se vliegtuigie wat kom besoek het. En daar was dit ʼn warm dag toe het ons met ons plakkies uitgegaan. |
| 00:50:58 | **V** | [lag] Dit lyk snaaks. Dit lyk amper asof... Kyk hoe lag Carol. |
| 00:51:04 | **A** | [lag] Sy is lekker stout ja. Hierdie is die oorname funksie gewees, Potch-kassie tafel. En daai was ook net weer toe ons gaan stap het, ja. |
| 00:51:12 | **V** | Daai vadoeke lyk of hulle kan doen met ʼn was. |
| 00:51:15 | **A** | Ja, ja. Hy is ja. |
| 00:51:17 | **V** | En die vadoeke? |
| 00:51:17 | **A** | Oe, oe, oe. Hulle is gewas, hoor. Ja. Ek het ʼn klomp weggegooi ook. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Maar dit help nie. Hulle word maar almal so swart. En dan nou hier is, o, dit begin nou van voor af. So dit is die Joepelstramen daai. Dit is nou krewasse. Hulle het nou nog ’n sneeubruggie oor, so as jy net liggies daar tik dan val dit in. |
| 00:51:49 | **V** | Sjoe. Is hierdie binne-in ’n krewas? |
| 00:51:50 | **A** | Dis binne-in, ja. Van onder af neem jy boontoe op. |
| 00:51:52 | **V** | *Oh my word*, dis mooi. Sjoe. Wie is dié nou? |
| 00:52:07 | **A** | Dit is Jan Wiid, en dit is Leon du Plessis daai. Dit was ’n krewas wat ons hier agterom die diesel *bunker* om, amper wat jy om die berg sal ry, daar anderkant was daar ’n skeur waar ons ingegaan het. |
| 00:52:18 | **V** | So daar is nogal redelik krewasvelde rondom SANAE? |
| 00:52:19 | **A** | Ja. |
| 00:52:26 | **V** | Is jy nou op hierdie foto’s? |
| 00:52:27 | **A** | Ek dink so, ja. O, dis ek wat daar opkom, ja. Hulle twee sit nou al daar en dan is ek daar op pad op. En dan, jy weet hy is ’n bietjie ge-*blur*, maar dis Johan. |
| 00:52:36 | **V** | Ja, ek kan dink daar is nou nie baie lig daar nie. |
| 00:52:37 | **A** | Ja. Johan, ek kan nie sy van meer onthou nie, en dan is dit ek en Jan Wiid, en is dit Carol of Leon daai. Ek is nie seker nie. |
| 00:52:45 | **V** | Ek dink na die onlangse ongeluk sal daar seker nie by krewasse afgeklouter word sommer nie. |
| 00:52:49 | **A** | Nie maklik nie, nee. |
| 00:52:51 | **V** | Met die volgende oornames nie. |
| 00:52:52 | **A** | Dit is ’n mooi foto, né? Sien jy die goetertjies daar? |
| 00:52:54 | **V** | Jis, dis mooi. |
| 00:52:56 | **A** | Dit is ’n belewenis, hoor. Dit is regtig, dit is... |
| 00:53:00 | **V** | ’n Mens wil seker nie te veel praat as jy daaronder is nie? |
| 00:53:02 | **A** | Jy doen. Jy wil nie rêrig nie, ja. En as jy nou terugkom, hierdie klip is daai klip. |
| 00:53:17 | **V** | O. Met *ski-doo’s* soontoe gegaan? |
| 00:53:19 | **A** | Dis die klip daai. Hy staan feitlik in die lug, hoor, ja. Soos die wind hom uit-*scoop* daar. |
| 00:53:25 | **V** | Wow. |
| 00:53:28 | **A** | Okay, hier het ons die radartorings geklim. En daar sit ek bo-op hom. |
| 00:53:31 | **V** | Het jy ’n ander paar handskoene saamgevat of iets? |
| 00:53:34 | **A** | Dit was net ’n gewone paar handskoene... |
| 00:53:34 | **V** | Of kon jy sommer net klim met jou handskoene? |
| 00:53:36 | **A** | Ek het sommer met gewone handskoene geklim ja. Daar kom ons weer af of iets, en daar sit ons nou in die helikopter, ons gaan wegvlieg, ons los hulle vir die jaar. Dis McRye daai, nè? Ja, dis McRye. Sy was die dokter vir die jaar wat Leon-hulle daar was. Ons het haar McRye genoem want as jy vir haar kyk en dan begin sy huil. |
| 00:54:02 | **V** | Dis ’n pragtige foto. *Wow*. |
| 00:54:05 | **A** | Ek dink ek het hom vir julle.. Ek weet nie. Ek kan nie onthou nie. Dis die kaptein, Kevin... |
| 00:54:10 | **V** | Kevin... Ek wil amper sê Hall. |
| 00:54:13 | **A** | ...Tate, Kevin Tate. Die ander een is Hall. Dis weer Dave Hendricks en Sammo. Hy was baie gaaf, hoor. Hy het ons af en toe genooi na sy kajuit toe vir ’n drankie, en... |

| | | |
|---|---|---|
| 00:54:24 | **V** | Die kaptein? |
| 00:54:25 | **A** | Ja. |
| 00:54:25 | **V** | Daar's 'n nuwe een, Freddie Ligthelm? |
| 00:54:29 | **A** | Hierdie was, dit was net buite my en Carol se kajuit gewees, ja. |
| 00:54:33 | **V** | O, julle het 'n lekker yssee-uitsig gehad. |
| 00:54:35 | **A** | Ons het, ja. En dit was toe ons nou terug is in die hawe, jy kan sien hoe waai die windjie daar. En saam met Jan Wiid. En daar is al die mense wat vir hulle mensies wag op die kaai. |
| 00:54:50 | **V** | Dis 'n pragtige album die. Dis baie mooi saamgestel. |